Die Voortrekkers
Nasionale Komitee: Staatmakers

Inligtingsbrief 2007/01 - Junie

Hierdie inligtingsbrief is opgestel deur die Nasionale Komitee: Staatmakers en word aan alle staatmakers elektronies versend en daarna op die webblad van die Staatmakers geplaas. Gebiedskakeldraers en Groepleiers word versoek om die inhoud van hierdie brief so deeglik moontlik aan al die Staatmakers deur te gee.

1. Struktuur van die Staatmakers

Die Hoofbestuur is tans besig om al die reglemente van die Voortrekkers te hersien, en ons het ook die geleentheid om ons reglemente weer in lyn te bring met hoe ons optimaal kan funksioneer. Tydens die hersiening hiervan het ons besef dat ons struktuur baie omslagtig is, en dat dit soms moeilik is om aan die res van die beweging te verduidelik (en soms self te verstaan). Ons het toe gepoog om dit so eenvoudig moontlik te maak dat dit verstaanbaar vir almal is, en in lyn is met die res van die Voortrekkers. (Sien Bylaag A vir 'n skematiese voorstelling van die struktuur)

Voortaan gaan daar nie meer Staatmaker veldkornetskappe, los-veldkornetskappe of Staatmakerkommando's wees nie. Almal gaan van nou af bekend staan as groepe. 'n Groep kan egter óf binne 'n kommando funksioneer (soos 'n veldkornetskap binne 'n kommando) óf as 'n groep wat los van 'n kommando funksioneer, maar beide is groepe en funksioneer dieselfde. Groepe word bestuur deur die groepleier en adjunk-groepleiers (wat die groepdagstuur vorm) en word jaarliks verkies. Elke groep dien ook op die betrokke bestuur waar die groep funksioneer om meer effektiewe kommunikasie te bewerkstellig. Dus sal 'n groep binne 'n kommando op die kommandobestuur verteenwoordig word deur die groepleier, en 'n groep los van 'n kommando op die oordbestuur verteenwoordig word.

Alle groepe se Groepleiers in 'n betrokke gebied vorm saam die Staatmaker-oord waar verslaggewing plaasvind. Hulle word bestuur deur die Gebiedskakeldraer en Adjunk-gebiedskakeldraers wat tweejaarliks verkies word. Die Gebiedskakeldraer dien ook op die betrokke gebiedsbestuur en verteenwoordig die gebied op die Nasionale Komitee: Staatmakers.

Laastens is die Nasionale Komitee: Staatmakers nou saamgestel uit die Hoofskakeldraer, die Adjunk-Hoofskakeldraer, Sekretaris en die Gebiedskakeldraers. Die Hoofskakeldraer en Adjunk-Hoofskakeldraer dien ook op die Hoofbestuur van die Voortrekkers en word vierjaarliks verkies tydens die Nasionale Interstatie.

Die finale reglemente sal eersdaags beskikbaar gestel word, en word ook reeds geïmplementeer in die splinternuwe Staatmakerhandleiding.

2. Rangkentekens vir Staatmakers

Om die "nuwe" struktuur te onderstreep, en om ook aan die res van die beweging dit duidelik te maak waar ons inpas is daar 'n voorstel aan die hoofbestuur gemaak dat die rangkentekens aangepas word. Die nuwe rangkentekens poog ook om dit duidelik maak dat ons as staatmakers op die betrokke besture dien, en nie heeltemal dieselfde is as die ander lede van die bestuur nie. Die rangkentekens is dus dieselfde as die van die ander lede op die bestuur, maar met 'n Staatmaker-blou agtergrond. Byvoorbeeld die rangkentekens van 'n Gebiedskakeldraer is drie rooi kompasse, soos die van 'n oordleier want die Gebiedskakeldraer dien op die gebiedbestuur saam met die ander oordleiers van die gebied. Die agtergrond van die rangkentekens is egter blou om aan te dui dat dit die staatmaker-oord is wat verteenwoordig word, en nie 'n "normale" oord nie.

Sien Bylaag B vir 'n volledige voorbeeld van al die rangkentekens. Die depot is ook besig om reeds hierdie rangkentekens te maak, en sal eersdaags beskikbaar wees teen normale kostes (ons sal per e-pos julle laat weet sodra dit beskikbaar is). Ons moedig elke staatmaker wat op bestuur dien om so gou moontlik hulle nuwe range aan te skaf en met trots te dra.

3. Uitkenning van Staatmakers

Soos julle sou onthou is daar op die Staatmakerkonferensie van 2006 op Doornkloof die behoefte uitgespreek dat Staatmakers weer wil uitgeken word. Tydens die afgelope Hoofbestuurvergadering is ons voorstel vir die uitkenning van Staatmakers goedgekeur. Dit beteken dat ons weer soos in "ou" dae met blou lapelle kan uitstaan as Staatmakers.

Dit behels 'n nuwe das of serp wat saam met jou formele uniform gedra kan word. Hierdie das of serp gebruik dieselfde uitleg as die das en serp soos tans beskikbaar, maar dat die rooi kleur op das of serp met Staatmaker-blou vervang word. (Sien Bylaag C vir 'n voorbeeld)

Die depot is reeds besig om die nuwe dasse en serpe te maak, en sal spoedig beskikbaar wees teen die normale kostes (Ons sal per e-pos julle laat weet sodra dit beskikbaar is). Ons doen hiermee 'n beroep op elke Staatmaker om die das of serp aan te skaf en met trots te dra.

4. Nasionale Interstatie 2007

Soos julle weet is die Nasionale Interstatie hierdie jaar in die Kaap, wel Wemmershoek om presies te wees. Dit is die trots van Kaapland soos Doornkloof is van die Vrystaat en vir Transvaal... wel seker Hartbeesfontein. Wemmershoek is net buite Franschhoek en is voorwaar 'n besondere terrein. Dit gebeur oor die langnaweek vanaf 9 tot 12 Augustus.

Om die vervoer te vergemaklik (en net meer van 'n ervaring te maak, reël die Nasionale Komitee 'n bus vir almal vanuit die binneland). Ons gaan ook 'n groot deel subsidieer, en met die goedgunstige hulp van Transvaal se GK: SM kan ons die vervoer afbring tot R200.00 per persoon. Die res van die naweek se kostes beloop R300.00 wat jou verblyf, kos en dinee insluit. Ons gooi ook 'n wyn-toer, en 'n besoek aan die see in. Daar wag nog 'n verassing op jou, maar jy sal moet saamkom om dit te sien.

Die program verloop kortliks soos volg:

Woensdag 8 Augustus – Ons vertrek 20:00 uit Pretoria. Die bus sal op pad stop om almal op te laai soos ons deur jou omgewing beweeg.

Donderdag 9 Augustus – Ons beplan om so teen middagete by Wemmershoek te arriveer, waarna ons onsself gaan inrig vir 'n groot naweek.

Donderdag 9 Augustus (laat-middag) – ons gaan 'n opwindende gesprek voer oor wie ons nou eintlik is, en waar ons vandaan kom.

Vrydag 10 Augustus – hierdie dag gaan groot wees... Ons gaan 'n wyntoer doen deur Stellenbosch, asook 'n pretdag op die strand beleef. Die Transvalers en Vrystaters is welkom om die see aan te durf.

Saterdag 11 Augustus – Die amptelike vergadering gaan die oggend geskied waar ons bietjie vooruit gaan kyk, en gaan hoor wat elke groep in die land aanvang en beplan.

Saterdag-aand 11 Augustus – Ons hou die dinee van die jaar waar al die Staatmakers van die land saam gaan kuier en baljaar soos toe die Kaap nog Hollands was...

Saterdag-aand (baie laat) 11 Augustus – Die bus vertrek direk na die dinee terug na die binneland, en laai ons almal weer af soos ons terugtrek Transvaal toe.

Sondag 12 Augustus – teen laat die middag behoort almal weer terug by hulle eie huise te wees.

Dit gaan voorwaar een van die hoogtepunte op die kalender van enige Staatmaker wees hierdie jaar en ons moedig almal aan om hierdie geleentheid by te woon. Die kostes is voorwaar baie laag, en so bekostigbaar as wat ons 'n langnaweek in die Kaap kan maak. Oom Piet het ook reeds aangedui dat hy spesiaal wil kom kuier om te sien hoe dit lyk as al die Staatmakers van die land die plek ligblou verf...

Die finale instruksies en inskrywingsvorms sal binne die volgende paar dae versprei word, so hou jou e-pos dop en skryf so gou moontlik in! Die sluitingsdatum vir hierdie groot gebeurtenis is 20 Julie 2007.

5. Ander sake

Laastens moet ons vermeld dat die huidige aktiwiteite van die Nasionale Komitee: Staatmakers en werksgroepe die volgende insluit:

- Herskryf van die Staatmakerhandleiding
- 'n Voorstel van groter Staatmaker verteenwoordiging op die volgende Kongres
- Skakel mat ander Jeugorganisasies in Suid Afrika wat ook vir die saak van die Afrikaner wil opstaan.

Ons nooi enigiemand wat hiervan wil deel word uit om ons te kontak.

Ek sien uit om saam met julle te kuier in Wemmershoek tydens die Nasionale Interstatie. Kontak ons gerus as julle enige vrae, voorstelle of kwelpunte het.

Staatmakergroete,

Gys le Roux
Hoofskakeldraer
Nasionale Komitee: Staatmakers

Bylaag A – Struktuur van die Staatmakers



Bylaag B – Rangkentekens

	Hoofskakeldraer Termyn: 4 jaar (verkies tydens Nasionale Interstatie)
	Adjunk-Hoofskakeldraer Termyn: 4 jaar (verkies tydens Nasionale Interstatie)
	Gebiedskakeldraer Termyn: 2 jaar (verkies tydens gebiedsaamtrek/Interstatie)
	Adjunk-Gebiedskakeldraer Termyn: 2 jaar (verkies tydens gebiedsaamtrek/Interstatie)
	Groepleier (Los van 'n Kommando) Termyn: 1 jaar (verkies tydens jaarvergadering)
	**Adjunk-Groepleier (Los van 'n Kommando)** Termyn: 1 jaar (verkies tydens jaarvergadering)
	Groepleier (binne 'n Kommando) Termyn: 1 jaar (verkies tydens jaarvergadering)
	Adjunk-Groepleier (binne 'n Kommando) Termyn: 1 jaar (verkies tydens jaarvergadering)

Bylaag C – Uitkenning van Staatmakers